


Maak prettige fluweelkussings wat beelde van kinderspeelgoed en selfs 'n bietjie wiskunde sal oproep.
Deur Linda van der Spuy



Maak die slimste kussings

MATE

Let wel: 13 mm- (1,3 cm-) naat-toelating ingesluit.

Die resultaat hang van die vulsel af. Voor die kussing gestop word, moet die vulsel eers uitgepluis word deur die vulselstof los van mekaar te maak. Stop klein deeltjies en hoeke van kussings eers met bietjies vulsel voor die res met 'n stomp voorwerp ingedruk word. Nadat hoeke gevul is, stop die res met groter stukke vulsel en vorm kussing met jou hande tot kussing styf (volgens jou eie smaak) span.

Groot kubus - 40,5 cm-vierkant

Klein kubus - 25,5 cm-vierkant

Groot bal - 40,5 cm-sirkel

Klein bal - 15 cm-sirkel (gebruik as 'n sakkie vir potpourri of vul en heg 'n gekoopte tossel aan)

Middelgroot piramide - 33 cm hoë driehoek

BENODIGDHEDE (PER KUSSING)

Gesikhte materiale: Fluweel, ferweel, katoenfluweel, tapisserie en kreukelfluweel. Dié materiale is vir die kussings gebruik, maar enige ander materiaal (soos satyn), wat sy vorm behou en duursaam is, kan gebruik word. Ongeskik vir duidelike diagonale ontwerpe en laat ekstra materiaal vir strepe toe.

Groot kubus

sowat 1 360 g kussingvulsel
gebruik drie teenstellende kleur materiale - 0,5 m elk (115 of 150 cm breed)

Klein kubus

sowat 690 g kussingvulsel
een kleur materiaal - 0,7 m (115 of 150 cm breed)

Groot bal

sowat 450 g kussingvulsel
een kleur materiaal - 0,8 m (115 cm breed) of 0,6 m (150 cm breed)


Klein bal

een 75 mm-tossel, sowat
180 g kussingvulsel of
150 g potpourri
een kleur materiaal - 0,3 m (115 cm breed) of 0,2 m (150 cm breed)

Middelgroot piramide

sowat 240 g kussingvulsel
gebruik vier teenstellende kleur materiale - 0,5 m elk (115 of 150 cm breed)

DIAGRAMME VIR KUSSINGS



MAAK SO

1. Trek blokke van 10 x 10 cm op koerantpapier en trek patroon af OF vergroot die patroon op die fotostaatmasjien met 200% en vergroot dié vergroting nog twee keer met 200%. Elke blokkie sal 1 cm groot wees.

2. Knip die patrone uit, lê die patrone op materiaal (let op na die grein van die materiaal). Steek met spelde vas en knip aangeduide hoeveelheid van elk uit.

Groot kubus en klein kubus

3. Stik 6 dele (regte kante op mekaar) aan mekaar vas om 'n kubus te vorm deur afwisselende kleure te gebruik. Hou die naat tussen klein kolle op een naat oop.

4. Dop uit en stop met vulsel soos op bl. 78 verduidelik. Vou naattoelating van oop soom in en werk onopsigtelik met die hand toe.

Groot bal en klein bal

3. Stik 6 dele (regte kante op mekaar) teen

mekaar tussen groot kolle vas om 'n bal te vorm deur afwisselende pante te gebruik. Hou die naat tussen klein kolle op een naat oop.

4. Dop uit en stop met vulsel soos verduidelik. Vou naattoelating van oop soom in en werk onopsigtelik met die hand toe.

Middelgroot piramide

3. Stik 4 dele (regte kante op mekaar) teen mekaar tussen groot kolle vas om 'n piramide te vorm deur 4 kleure te gebruik. Hou die naat tussen klein kolle op een naat oop.

4. Dop uit en stop met vulsel soos hierbo verduidelik. Vou naattoelating van oop soom in en werk onopsigtelik met die hand toe. □

Wys jou vernuf met 'n naald en DMC-borduurgare en wen pryse ter waarde van R20 000

Wees skeppend en wen

Gebruik DMC-borduurgare om 'n oortreksel vir byvoorbeeld 'n telefoonboek, tuinboek, woordeboek of dagboek te maak. Maak die boekoortreksel (enige grootte) met 'n borduurontwerp tussen 15 x 20 cm en 30 x 30 cm.

Stuur jou voltooide boekoortreksel voor 31 Oktober in en wen dadelik 'n skattige reishouertjie vir jou borduurgare. Die wenner sal R5 000 kontant en 'n DMC-geskenkpak van R1 000 ontvang. Vier naasweners ontvang elk R1 000 kontant en 'n DMC-geskenkpak van R1 000. Die 20 troosprysweners kry 'n DMC-geskenkpak van R250.

REËLS

1. Enige DMC-borduurgare kan gebruik word. Inskrywings moet van verpakkingstrokie versesel word. Deelnemers mag meer as een inskrywing instuur.
2. Die ontwerp kan oorspronklik of iemand anders se ontwerp wees. Die borduurwerk moet tussen 15 x 20 cm en 30 x 30 cm groot wees.
3. Die voltooide boekoortreksel moet aangestuur word. Enige grootte of tipe boekoortreksel mag gemaak word.
4. Wenners se boekoortreksel word die eiendom van rooi rose. Deelnemers kan die oortreksels terugkry, mits hulle 'n gefrankeerde koefert EN posgeld vir versekering insluit. OF kontak rooi rose na afloop van die kompetisie.
5. Die sluitdatum is 31 Oktober 2000. Geen werknemer van rooi rose of DMC mag deelneem nie.
6. Inskrywings kan gestuur word aan rooi rose/DMC-borduurwedstryd, PostNet Suite 192, Privaatsak X2600, Houghton, 2041. Sluit asseblief jou naam, adres en telefoonnommer in. rooi rose kan ongelukkig geen verantwoordelike vir die veiligheid van inskrywings aanvaar nie.



Boonop gee ons vir 50 lesers elk 'n DMC-amandelsakkiepakket vir troues. Maak vir jou 'n pragsakkie of maak vir elk van jou trougaste een. Vul dit met amandels en sê so dankie. Stuur jou naam en adres aan: rooi rose/Handwerk-amandelsakkies, Posbus 412981, Craighall, 2024.